# ELJADA HUIS MSW

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

15 November 2012

Dagsê Almal

GROOT nuus – ons is Sondag 18 November om 18:30 op die TV program DKNT Gospel wat deur Lindie aangebied word. Die opname is Maandag gedoen terwyl ons wys hoe die knielkussings gemaak word. Ons prys en dank die Here vir hierdie wonderlike geleentheid.

Erna soek asseblief steeds na 'n hangkas. Haar klere word in bokse gehou en dit is ongemaklik. Ek is ook dringend opsoek na 3 enkelbeddens vir Su-Marie, Tanya en vir Rosa. 'n Bejaarde dame benodig dringend 'n goeie bed – sy is bedlêend en haar bed is vodde.

Indien u nog pakkies vir die bejaardes kan skenk sal dit opreg waardeer word.

Danie se vrou verwag en hulle benodig nog 'n bababedjie, beddegoed, doeke, handdoeke, bababadjie, poeier, waslap, room, sjampoe, oorstokkkies en ander babagoedjies. Ek het nog 'n borg nodig vir die 4 weke wanneer ek nie hier gaan wees nie t.o.v. 'n weeklikse kospakkie vir hulle asb.

Ek het nog 'n paar mense wat nie hulp het vir die 4 weke nie. Kontak my per epos indien u graag wil help. Baie dankie vir almal wat reeds hulp aangebied het.

Ons kombuiskaste is baie leeg aan margarien, bovril, blikkieskosse soos vleis, vis en groente, aanmaak koeldrank, koffie, suiker, boksmelk en vir die badkamer - toiletpapier, spuitgoed en aanrol vir mans en vroue en handeroom.

Eljada Huis groete. Annatjie